REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(NOORD GAUTENG, PRETORIA)

30/10/2012

SAAK NO: A273/2012

(1) REPORTABLE: YES / NO
(2) OF INTEREST TO OTHER JUDGES: YES/NO
(3) REVISED.

DATE SIGNATURE

In die saak tussen:

**WILLEM HENDRIK JACOBUS CASTELYN** APPELLANT

**EN**

**DIE STAAT** RESPONDENT

---

**UITSPRAAK**

---

**DE KLERK, AJ**

[1] Die appellant was vervolg op aanklagte van moord , roof met verswarende omstandighede en diefstal , deurdat hy op 20 Februarie

2002 Mev A M Nieuwoudt op Schweizer-Reneke vermoor en haar motor geroof het en op 20 en 21 Februarie 2002 geld uit haar bankrekening ontrek het op Wolmaranstad en te Pretoria .

[2] Die appellant het skuldig gepleit op die aanklagte wat hom ten laste gelê is en is soos volg gevonnis :

2.1 Op die moordklag : Lewenslange gevangenisstraf ;

2.2 Op die aanklag van roof met verswarende omstandighede : 8 jaar gevangenisstraf ;

2.3 Op die diefstalklag : 2 jaar gevangenisstraf .

[3] Nadat verlof tot appèl deur Shongwe , R ( soos hy destyds was ) op 20 November 2006 geweier is , het die Hoogste Hof van Appèl op 22 April 2010 aan die appellant verlof verleen om teen al die opgelegde vonnisse te appelleer .

[4] Voor die beredenering van die appèl het die senior regter van die Volle regbank van hierdie afdeling die advokate namens die partye versoek om betoë voor te hou aangaande die moontlike voorlegging van verdere getuienis aan die hof van appèl rakende die waarskynlikheid van rehabilitering van die appellant en , in besonder , of die appellant nie moontlik aan een of ander toestand ly of persoonlikheidsafwyking , byvoorbeeld psigopatie , wat tot gevolg kan hê dat die appellant in die toekoms 'n soortgelyke misdryf soos die waaraan hy in die hof ***a quo*** skuldig bevind is , kan pleeg . Die advokate is ook versoek om voorstelle van konsepbevele aan die hof voor te lê .

[5] Die hof is die advokate dank verskuldig vir die aanvullende betoogpunte wat hulle voorgelê het en , in besonder , vir Mnr van Rooyen namens die appellant , wat ook 'n konsepbevel voorgelê het .

[6] Namens die appellant is betoog dat die hof ***a quo*** , na aanhoor van die getuienis van veral die appellant se moeder , die voorskrifte van artikel

78(7) van die Strafproseswet , Wet 51 van 1977 , soos gewysig , moes nagevolg het . Die artikel lui soos volg :

> "(7) Indien die hof bevind dat die beskuldigde ten tyde van die verrigting van die betrokke handeling vir die handeling strafregtelik toerekenbaar was maar dat sy vermoë om die ongeoorloofdheid van die handeling te besef of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorloofdheid van sy handeling op te tree, vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek verminder was, kan die hof die feit van so 'n verminderde toerekenbaarheid in aanmerking neem wanneer die beskuldigde gevonnis word."

[7] Namens die respondent is aangevoer dat op hierdie stadium gebruik gemaak behoort te word van die bepalings van artikel 286A van die Strafproseswet , 1977 wat die volgende bepaal :

> "(2) (a) Indien dit vir 'n hof bedoel in subartikel (1) blyk, of daar voor sodanige hof beweer word, dat die beskuldigde 'n gevaarlike misdadiger is, kan die hof na skuldigbevinding gelas dat die aangeleentheid ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) ondersoek en oor verslag gedoen word.
>
> (b) Voordat die hof 'n beskuldigde vir 'n ondersoek ingevolge subartikel (3) verwys, moet die hof sodanige beskuldigde van sy voorneme in kennis stel en die bepalings van hierdie artikel en van artikel 286B, asook die ernstigheid van daardie artikels, aan hom verduidelik."

Dit is weens hierdie bepaling dat die senior regter van die volle hof die reeds gemelde skrywe voor die aanhoor van die appèl aan die appellant se regsverteenwoordiger en die respondent versend het .

[8] Dat die appellant "'n gevaarlike misdadiger" mag wees , sal afhang van die ondersoek wat die bevel wat hierna verleen word , sal oplewer .

[9] Die beweegrede agterliggend aan die ondersoeke wat hierdie bevel tot gevolg gaan hê , is die ongelukkige familiegeskiedenis van die appellant, soos veral deur sy moeder getuig en wat die appellant , volgens sy eie getuienis tot hierdie afgryslike daad gedryf het.

[10] Daar blyk 'n verskil te wees tussen die ondersoeke wat onderskeidelik in artikels 79(1)(b) en 286A(3) beoog word . Geriefshalwe word die twee artikels hieronder aangehaal :

> "**79 (1) (b)** Waar die beskuldigde aangekla word van moord of strafbare manslag of verkragting of gedwonge verkragting soos onderskeidelik beoog in artikel 3 of 4 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, of van 'n ander aanklag waarby ernstige geweld betrokke is, of waar dit na die hof se oordeel in die openbare belang nodig is, of waar die hof in 'n spesifieke geval so gelas-
>
> (i) deur die geneeskundige superintendent van 'n psigiatriese hospitaal deur die hof aangewys, of deur 'n psigiater deur die geneeskundige superintendent aangewys op versoek van die hof;
>
> (ii) deur 'n psigiater aangewys deur die hof en wat nie in voltydse diens van die Staat is nie tensy die hof anders gelas, op aansoek van die aanklaer, in ooreenstemming met voorskrifte wat ingevolge subartikel (13) deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings uitgereik is;
>
> (iii) deur 'n psigiater vir die beskuldigde deur die hof aangestel; en
>
> (iv) deur 'n kliniese sielkundige waar die hof so gelas."
>
> **286A (3)** (a) Waar 'n hof 'n lasgewing kragtens subartikel (2) (a) uitreik, word die betrokke ondersoek ingestel en oor verslag gedoen-

(i) deur die geneeskundige superintendent van 'n psigiatriese hospitaal deur die hof aangewys, of deur 'n psigiater deur bedoelde geneeskundige superintendent op versoek van die hof aangestel; en

(ii) deur 'n psigiater deur die beskuldigde aangestel indien hy dit verlang.

(b) (i) Die hof kan vir die doeleindes van sodanige ondersoek die beskuldigde na 'n psigiatriese hospitaal of 'n ander deur die hof aangewese plek verwys, vir tydperke wat nie 30 dae op 'n keer te bowe gaan nie wat die hof van tyd tot tyd bepaal, en indien die beskuldigde in bewaring is wanneer hy aldus verwys word, word hy, terwyl hy aldus verwys is, geag in die wettige bewaring te wees van die persoon of gesag in wie se bewaring hy ten tyde van bedoelde verwysing was.

(ii) Wanneer die tydperk van verwysing vir die eerste keer kragtens subparagraaf (i) verleng word, kan sodanige verlenging in die afwesigheid van die beskuldigde toegestaan word tensy die beskuldigde of sy regsverteenwoordiger anders versoek.

(c) Die betrokke verslag moet skriftelik wees en word in drievoud voorgelê aan die griffier of, na gelang van die geval, die klerk van die hof, wat 'n afskrif daarvan aan die aanklaer en die beskuldigde of sy regsverteenwoordiger beskikbaar stel.

(d) Die verslag moet-

(i) 'n beskrywing van die aard van die ondersoek bevat; en

(ii) 'n bevinding bevat oor die vraag of die beskuldigde 'n gevaar vir die fisiese of geestelike welstand van ander persone inhou.

(e) Indien die persone wat die betrokke ondersoek instel nie eenparig in hul bevinding ingevolge paragraaf (d) (ii) is nie, word sodanige feit in die verslag genoem en gee

elkeen van bedoelde persone sy bevinding oor die betrokke aangeleentheid.

(f) Behoudens die bepalings van paragraaf (g) is die inhoud van die verslag by strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar.

(g) 'n Verklaring wat deur 'n beskuldigde by die ondersoek gedoen word, is nie by strafregtelike verrigtinge as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar nie, behalwe in die mate waarin dit relevant is by die bepaling van die vraag of die beskuldigde 'n gevaarlike misdadiger is of nie, in welke geval so 'n verklaring toelaatbaar is nieteenstaande dat dit andersins ontoelaatbaar is.

(h) 'n Psigiater wat kragtens paragraaf (a) aangestel is, behalwe 'n psigiater deur 'n beskuldigde aangestel, word, behoudens die bepalings van paragraaf (i), aangestel uit die in artikel 79 (9) bedoelde lys van psigiaters.

(i) Waar die lys wat ingevolge artikel 79 (9) opgestel en gehou word, nie 'n voldoende getal psigiaters bevat wat gerieflikerwys vir 'n ondersoek ingevolge hierdie subartikel aangestel kan word nie, kan 'n psigiater vir die doeleindes van so 'n ondersoek aangestel word nieteenstaande dat sy naam nie op bedoelde lys verskyn nie.

(j) 'n Psigiater wat ingevolge paragraaf (a) aangewys of aangestel is en wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, word vir sy dienste in verband met die ondersoek, met inbegrip van die lewering van getuienis, uit staatsgeld vergoed ooreenkomstig 'n tarief deur die Minister in oorleg met die Minister van Staatsbesteding bepaal.

(k) By die toepassing van hierdie subartikel beteken 'n psigiater iemand wat as 'n psigiater kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende

Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), geregistreer is.

[11] Hoewel artikel 78(7) , gelees met artikel 79(1)(a) moontlik deur die verhoorhof aangewend moes word , was die beweegrede van die senior regter eerder in ooreenstemming met die bepalings van artikel 386A . Nietemin is ek van oordeel dat in hierdie besondere geval daar ruimte is ook vir ondersoek deur 'n kliniese sielkundige , bo en behalwe die ondersoek deur die psigiaters . Ek sou dus die volgende bevel voorstel :

11.1 Die appèl word onbepaald uitgestel ;

11.2 Die appellant en respondent word verlof verleen om verdere getuienis as wat reeds tydens die verhoor afgelê is voor te lê , ooreenkomstig die bepalings van artikel 22(a) van die Wet op die Hooggeregshof , Wet 59 van 1959 , soos gewysig , rakende :

11.2.1 die vooruitsig op die moontlike rehabilitering van die appellant ;

11.2.2 enige aspek van die persoonlikeid van die appellant wat hom daartoe gedryf het om die misdrywe te pleeg of bygedra het tot die pleging van die misdrywe waavaan hy skuldig bevind is of wat hom in die toekoms tot die pleging van geweldsmisdade kan dryf;

11.2.3 die feit of die appellant in die verlede gely het aan enige persoonlikheidsversteuring of teenswoordig daaraan ly , soos byvoorbeeld psigopatie ;

11.3 Sodanige verdere getuienis moet eerstens by wyse van beëdigde verklaring aangebied word en kan beide die getuienis van leke en deskundige getuies behels .Die hof kan daarna hetsy op aansoek hetsy ***mero motu*** verdere aanwysings gee om enige moontlike feitegeskille word die volgende gelase wat mag opduik , op te los ;

11.4 Ingevolge die bepalings van artikel 286A(3) word gelas dat ondersoek en verslag gedoen word :-

11.4.1 deur die geneeskundige superintendent van Sterkfontein psigiatriese hospitaal , of deur 'n psigiater deur bedoelde geneeskundige superintendent op versoek van die hof aangestel; en

11.4.2 deur 'n psigiater deur die beskuldigde aangestel indien hy dit verlang.

11.4.3 Vir die doeleindes van sodanige ondersoek sal die beskuldigde na die psigiatriese hospitaal verwys word vir 'n tydperk wat nie 30 dae te bowe gaan nie en sal hy geag word in die wettige bewaring te wees van die persoon of gesag in wie se bewaring hy ten tyde van bedoelde verwysing is.

11.5 Die appellant se advokaat word hiermee opdrag gegee om 'n forensiese kliniese sielkundige aan te stel om die appellant te evalueer en verslag aan die hof te doen ;

11.6 Die beëdigde verklarings bevattende die verdere getuienis wat namens die appellant voorgelê gaan word moet minstens 1 [een] maand voor die aanhoor van die appêl ingelewer word by die hof ;

11.7 Indien die Staat van voorneme is om verdere getuinis aan die hof voor te lê , moet dit eweneens minstens 2 [twee] maand voor die aanhoor van die appêl ingelewer word by die hof ;

11.8 Die appellant sal geregtig wees om te repliseer met betrekking tot enige verdere getuienis wat die Staat wens voor te lê , wat minstens 2 [twee] weke voor die aanhoor van die appêl ingelewer moet word by die hof.

L S DE KLERK
Waarnemende Regter van die Hoë Hof
Noord Gauteng Afdeling

Ek stem saam.

S MAGARDIE
Waarnemende Regter van die Hoë Hof
Noord Gauteng Afdeling

Ek stem saam en dit word so gelas.

N B TUCHTEN
Regter van die Hoë Hof
Noord Gauteng Afdeling